# DIE HOË PRYS VAN DIE KRUIS

DEUR JOE CREWS

Kopiereg © 1984 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Buitebladontwerp deur Terry Crews

# DIE HOË PRYS
# VAN
# DIE KRUIS

---

Na sy rampspoedige nederlaag by Waterloo, het Napoleon, so lui die verhaal, met sommige van sy vernaamste generaals ontmoet om die oorlog se gebrekkige krygskuns te ontleed. Gedurende hulle besprekings het die klein generaal na Engeland op die gekleurde kaart voor hulle gewys en bitter gesê, “Behalwe vir daardie rooi kolletjie sou ek die meester van die wêreld gewees het.” Satan sou vandag dieselfde kon gesê het, behalwe dat hy na ‘n kruis op ‘n heuwel buite die mure van Ou Jerusalem sou gewys het. Is u nie dankbaar vir daardie rooi kolletjie van Golgota wat hierdie wêreld verlos het van die beheer van ons grootste vyand nie?

Dit was die plek, die tyd, en die stryd wat die lotsbestemming van planeet aarde bepaal het. Satan is sedertdien ‘n verslane vyand. Dit was daar wat hy sy Waterloo ontmoet het en ‘n beslissende nederlaag gely het waarvan hy nooit ten volle sal herstel nie.

Weinig verstaan die ware betekenis van Christus se lyding en dood op daardie kruis. Ons het slegs ‘n geringe begrip van die konflik waardeur Hy gegaan het en die folterende dood wat Hy ervaar het. Indien ons oë geopen kon word sodat ons die werklike betekenis van Sy offer begryp, sou daar geen rampsalige samewerking met Satan gewees het nie. Ons swakheid sou in dapperheid en oorwinning verander het.

Die Bybelskrywers het geworstel om in menslike taal die

diepsinnige vleeswording en soendood van die Seun van God te verduidelik. Dikwels ween ons onder die krag van hulle geïnspireerde getuienis. Ons kry vlugtige blikke wat ons verstom, maar nog steeds raak ons slegs bolangs aan ‘n onderwerp wat sal voortgaan om vir die ewigheid te ontvou.

Paulus het geskryf, “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mens gelyk geword; en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.” Filippense 2:5-8. Hierdie verhewe woorde beskryf die afdaling van Jesus van die troon na die krip en dan na die kruis.

## Van die Hoogste
## Tot die Laagste!

Daar is nie ‘n voorbeeld in die wydverspreide uitspansel of eindelose tyd wat behoorlik kan uitbeeld wat Jesus gedoen het nie. Soms probeer ons om denkbeeldige omstandighede te versin om die idee van Sy offer mee te deel. ‘n Trop siek wilde honde word beskryf, oortrek met baie rowe en oop sere. Daar word veronderstel dat indien een mens sou oorweeg om een van die honde te word, die hele trop gered kan word van ‘n gewisse dood. Sou daar enigiemand gevind kan word wat vrywilliglik sy menswees sal verruil om die onbeskryflike vernedering te verduur van om ‘n hond te word? Dramaties soos wat dit mag klink, is dit ‘n verpotte illustrasie van die vernedering van die goddelike Seun van God. Dit is onmoontlik vir ons om te besef watter glorie en posisie Hy van moes afstand doen toe Hy Homself geledig het om deel te word van die veroordeelde en sterwende familie van

Adam.

Dit is waarom dit so moeilik is vir Christene om die versoening te begryp. Waarom behandel so baie die gebeure van die kruis as alledaags? Beslis omdat hulle nie verstaan wat hulle verlossing die Seun van God gekos het nie. Dit is slegs wanneer ons die prys van iets weet, dat ons dit begin waardeer. Ons heg die hoogste waarde aan dit wat die grootste belegging vereis.

Almal van ons is al uit die veld geslaan deur te doen te kry met mense wat ‘n onverskilligheid openbaar teenoor die offer van Christus. Aan die einde van een van my evangelieveldtogte het ek ‘n sakeman besoek wat elke aand bygewoon het, maar wat nie homself tot ‘n besluit verbind het nie. Ons het gedurende die vier weke van die reeks ‘n hegte vriendskap ontwikkel, en daarom het ek voldoende moed gehad om hom te vra waarom hy nie ‘n besluit vir Christus gemaak het nie. Sy vae antwoord het aan my getoon dat hy geen begrip gehad het van die erns daarvan om die gawe van verlossing te aanvaar nie. Hy het geensins enige reaksie getoon teenoor die evangelie nie en, tydens my vriendelike vrae het hy bely dat hy geen versekering gehad het dat hy gered is nie. Uiteindelik het ek hom direk gevra, “Wil jy vir my sê, Sam, dat indien jy vannag sou sterf jy geen hoop van ewige lewe sal hê nie? Hy het geantwoord, “Nee, ek het nog nooit enige belydenis van Christelikheid gemaak nie.”

Geskok deur sy ooglopende onverskilligheid het ek die moed bymekaar geskraap om hierdie vraag te vra: “Sam, veronderstel jy kan môre-oggend R100,000 by jou bankier gaan haal in ruil vir ‘n papier wat die handtekeninge van tien mans van hierdie stad bevat. Sou jy gewillig wees om vanaand in die stad rond te ry om daardie handtekeninge te verkry?” Hy het geantwoord, “Natuurlik sal ek.”

“Sou jy die risiko loop om een van daardie handtekeninge op

die papier te verloor?” het ek gevra. “Beslis nie,” het Sam geantwoord, “Ek ken ‘n goeie ding wanneer ek dit sien.”

Die waarheid was egter dat Sam *nie* ‘n goeie ding herken het toe hy dit gesien het nie, en ek het gedwonge gevoel om dit vir hom te sê so vriendelik as wat my verontwaardigde gees dit kon behartig. Ek het gesê, “Sam, jy sal nie die geringste kans waag om R100,000 te verloor tussen nou en môre-oggend nie, maar nogtans het jy gesê dat jy die risiko wil loop om die ewige lewe te verloor indien jy vanaand te sterwe sou kom. Jy heg meer waarde aan geld as aan die ewige lewe. Jou waardebepaling is foutief. Jy het nie die vaagste benul van die prys wat betaal was om vir jou verlossing moontlik te maak nie, ander sou jy dit nie so gering geag het nie.”

Dit was maklik om te sien waarom my vriend so ontwykend was om hom te verbind tot die kruis van Christus. Selfs al was hy sy hele lewe in aanraking met Chistene en het hy honderde preke gehoor, het hy die tipiese sienswyse van Jesus se “martelaar” dood gehandhaaf. Dit is geensins waar dat Hy net soos al die duisende ander gesterf het wat buite die mure van Jerusalem gekruisig was nie. Daar is geen vergelyking nie. Christus het nie gesterf as gevolg van die spykers, spies of fisiese mishandeling nie. Geen hoeveelheid slae of pyn kon die lyding van die kruis voortbring nie. Andere het dieselfde vleeslike marteling verduur, maar niemand anders het aan dieselfde oorsake gesterf as die wat die Seun van God Sy lewe ontneem het nie. Sy dood was anders. Hoe was dit anders?

Watter soort dood het Hy gely? Die Bybel sê dat “Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.” Hebreërs 2:9. Dink vir ‘n oomblik daaraan. Hy het my dood gesterf, en u s’n, en elke ander persoon s’n. Hoe kon dit wees? Sal ons nie ons eie doodservaring moet deurmaak aan die einde van ons lewens nie? Ja, ons sal. En daarin lê die verborgenheid en die

wonder van wat Hy vir ons gedoen het. Hy het nie ons plek ingeneem deur die eerste dood te sterf nie. Hy het die tweede dood ervaar vir elke mens wat ooit gebore was.

## Christus Het Die Tweede Dood Gesterf

Dit is uiters belangrik dat ons onderskeid moet tref tussen die eerste en die tweede dood. Slegs dan sal ons kan verstaan waarom God die Vader weggedraai het van Sy Seun op die kruis. Die engele was nie toegelaat om Hom te bedien nie. Jesus moes behandel word asof Hy skuldig was aan elke ontsettende sonde wat nog ooit gepleeg was. Onder die gewig van daardie veroordeling en skuld, het Hy groot druppels bloed gesweet en in die Tuin flou teen die grond geval. Op Golgota se Heuwel, afgesny van die goedkeurende teenwoordigheid van Sy Vader, het Hy in angs uitgeroep, “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Mattheus 27:46.

Begin julle om te sien wat Sam misgekyk het? Hy het nie die werklike lyding op die kruis besef nie, en daarom het hy geen ware begrip van die prys van verlossing gehad nie. Ons gaan probeer om sommige van daardie “verskuilde kostes” te openbaar wat Sam nie herken het nie en waaraan vele vandag nie noemenswaardige waarde heg nie.

Paulus het geskryf, “Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.” Romeine 5:12. ‘n Hele paar fundamentele vrae ontstaan deur hierdie woorde van Paulus. Indien slegs een mens gesondig het, waarom moet almal sterf? Moet mense die prys vir andere se sondes betaal? Toe Adam in die Tuin van Eden was, het hy elke persoon verteenwoordig wat ooit gebore sou word. As die hoof van die mensdom het hy voor God gestaan asof hy elkeen was.

Ek en jy was daar, verteenwoordig deur die gene en chromosome wat later die oorerflike patroon van Adam se kinders voortgebring het. As deelnemers van sy liggaam en verstand, moes al sy afstammelinge beïnvloed word deur wat hom beïnvloed het. Hy is ons vader, en daar is wette van oorerflikheid wat die genetiese patroon van geslag tot geslag oordra.

Wat het met Adam gebeur wat ook sy kinders beïnvloed het? God het hom in daardie oorspronklike paradys voorwaardelik geplaas. Die toets was eenvoudig en direk: wees gehoorsaam en leef, wees ongehoorsaam en sterf. Ons onthou so goed die verhaal van die boom in die middel van die Tuin. God het gesê, "want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." Genesis 2:17. Sy voortgesette bestaan in die volmaakte atmosfeer van Eden het afgehang van gehoorsaamheid. Adam se gelukkige toekoms was op voorwaarde dat hy moes wegbly van die verbode boom, maar hy het nie daaraan voldoen nie.

Geen voorsiening was gemaak om die straf te verwyder of dit te verlig nie. Die saak was baie duidelik: wees gehoorsaam en leef, wees ongehoorsaam en sterf. Op die ouderdom van 930 was die straf ten volle toegepas en Adam het gesterf en is begrawe.

Al Adam se kinders is gebore nadat sy geaardheid deur sonde verswak was. Hulle kon slegs erf wat hulle vader gehad het om te gee, en daarom was hulle met 'n sondige, gevalle natuur gebore. Let asseblief daarop dat hulle nie die *skuld* van hulle vader geërf het nie, maar slegs sy verswakte natuur met 'n voorliefde om te sondig. Daar is nie so iets soos aanvanklike sondes nie, waarvoor Adam se afstammelinge verantwoordelik gehou word nie. Dit is waar dat hulle ook onderworpe was aan die dood net soos Adam, maar hulle dood was nie die straf vir Adam se sonde nie. Hulle het gesterf omdat hulle 'n sterflike natuur ontvang het deur die wet van oorerflikheid. Hulle dood

was die gevolg van die verswakkende liggaamgestel van Adam wat aan sy nageslag oorgedra was.  Slegs Adam se dood was die straf vir sy sonde.

Van die oomblik dat sonde 'n werklikheid geword het, het elke lewende wese wat ooit sou leef, onderworpe geraak aan die eerste dood.  Inderdaad, indien God nie tussenbeide getree het nie, sou dit 'n ewige dood gewees het.  Adam se proeftydperk het geëindig toe hy gesondig het.  So ver as wat dit daardie eerste aanbod van lewe betref het, was dit verby.  Hy het alle hoop op ewige lewe verbeur onder die voorwaarde wat God gestel het. Nou het slegs die dood op hom gewag – 'n hopelose, finale dood. En indien God niks meer sou doen nie, sou dit die manier gewees het hoe dit sou geëndig het – vir Adam en vir al sy nakomelinge.

## 'n Tweede Proeftyd Word Voorsien

Onmiddellik nadat Adam gesondig het en voordat die straf ten volle voltrek was, het God egter die plan van verlossing ingestel deur die saad van die vrou en vir Adam 'n nuwe proeftyd voorsien (Genesis 3:15).  Hierdie tweede proeftyd was gebaseer op die voorwaarde dat 'n Verlosser aanvaar sou word wat die mens se straf deur Sy eie vervangende dood sou dra.  'n Nuwe hoop is aan Adam en al sy nakomelinge voorgehou deur hierdie tweede plan, maar dit het die nie gevolge verander van om die eerste proeftyd te faal nie.

Dit bring ons by 'n deurslaggewende vraag.  Hoe kon God Sy integriteit behou deur die straf vir die eerste mislukking toe te pas, terwyl Hy nog steeds die aanbod van 'n nuwe lewe aan almal maak deur 'n ander proeftyd?   God het hierdie dilemma op so 'n eenvoudige wyse opgelos wat ons verstom laat staan.  Hy sou toelaat dat 'n mens sy beperkte lewenspan uitleef en dan sterf, ongeag of hulle goed of kwaad gedoen het.  Daardie eerste dood

sou die gevolg wees van Adam se mislukking in die eerste toets. Daarna, sal almal uit daardie eerste dood opgewek word, wat hulle nie as gevolg van hulle eie skuld verdien het nie, en voor God verskyn om vir hulle eie persoonlike sondes, waarvoor hulle verantwoordelik is, verantwoording te doen. Hulle lotsbestemming sal dan bepaal word op die grondslag van die *tweede proeftyd* (tussen geboorte en die eerste dood), en hoe hulle voldoen het aan die voorwaardes vir verlossing deur Christus.

Indien hulle skuldig bevind sou word dat hulle die tweede toets persoonlik gefaal het, sal hulle dieselfde straf ontvang as wat Adam ontvang het – die dood. In hierdie geval sal daar geen verdere proeftyd wees nie, en hulle dood sal die tweede dood wees – finale, ewige uitwissing.

Nou kan ons die woorde van Paulus beter verstaan, “Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word.” 1 Korinthiërs 15:22. Die plan van verlossing behels ‘n opstanding van alle mense uit die eerste dood, sodat hulle geplaas kan word buite die bereik van die gevolge van Adam se sonde. Dit is nodig sodat hulle geoordeel kan word op die grondslag van hulle persoonlike dade en keuses. Adam het gesterf omdat hy geëet het van die vrugte van die verbode boom, nie as gevolg van enigiets wat hy daarna gedoen het nie. Maar indien Adam, na die oordeel, skuldig gevind sou word om die tweede dood te verdien, sou dit nie wees omdat hy die vrugte geëet het nie, maar as gevolg van ander sondes wat hy na daardie ondervinding gepleeg het wat nie bely en vergewe was nie.

Sommige mag God daarvan beskuldig dat Hy eiemagtig en wreed is om die goddelose weer op te wek slegs om hulle dan in die poel van vuur te vernietig. Waarom hulle nie slegs onder die krag van die eerste dood laat nie? Dit sou nie voldoen aan die

voorwaardes wat deur die tweede proeftyd vereis word nie. Die eerste dood is nie die straf vir sonde vir enige van Adam se nakomelinge nie. Regverdigheid vereis dat elke individu slegs verantwoordelik gehou sal word om die voorwaardes van sy eie verlossing na te kom. Sonder ‘n opstanding sou geen oordeel gevel kon word nie, en geen regverdige vergelding gegee kon word nie. Dit is geen roekelose daad aan God se kant nie, maar ‘n vervulling van die standaarde van goddelike regverdigheid.

## Die Tweede Adam Deurstaan Die Toets

Met daardie insig van die eerste en tweede dood is ons gereed om die funksies van die eerste en tweede Adam te ondersoek. Net soos wat die mensdom in die Tuin van Eden deur Adam verteenwoordig was, so sal elke mens deur Jesus, die tweede Adam verteenwoordig word. “Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.” Romeine 5:18,19.

Soos wat ons gesien het, het alles wat met die eerste Adam gebeur het, ‘n uitwerking gehad op almal wat hy verteenwoordig. Nou sê Paulus vir ons dat die ondervinding van die tweede Adam alle mense direk sal raak. Jesus, die Skepper, het deel geword van die mensheid, en hy het voor God gestaan asof Hy elke mens was. Dit is waarom Paulus geskryf het, “Ek is met Christus gekruisig.” Galasiërs 2:20. “Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop.” Romeine 6:4. “Net soos Christus uit die dode opgewek is ... ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.” Romeine 6:4. Die lewe van die mens is nou verbonde aan die gebeure in

Christus se lewe.

Aangesien Jesus gekom het om die mislukking van die eerste Adam te vergoed, moes Hy dit in dieselfde aangebore menslike vlees gedoen het. “Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word.” Hebreërs 2:17. Indien Hy enige bonatuurlike voordeel bo Sy broeders gehad het om sonde te oorwin, sou Jesus ondersteuning verleen het aan Satan se beskuldiging van onregverdigheid. God was daarvan beskuldig dat Hy ‘n gehoorsaamheid vereis het wat onredelik en selfs onuitvoerbaar was. Christus het in dieselfde menslike natuur gekom om die duiwel se valse beskuldiging verkeerd te bewys deur te voldoen aan die vereistes van God wat enige mens deur geloof in die Vader kan bekom.

Dit was daardie volmaakte oorwinning van Christus oor sonde en die dood wat die grondslag voorsien het vir alle verlossing. Al die nakomelinge van Adam is onderhewig aan die invloed van sy swakheid en mislukking, wat dit onmoontlik maak vir enigeen van hulle om die wet te gehoorsaam. In daardie sterwende, veroordeelde familie van Adam was hulle verdoem tot ewigdurende stryd en nederlaag. *Die oorwinning van die tweede Adam het egter ‘n deur geopen vir die familie van die eerste Adam om te kan ontsnap.*

## Veranderende Families

Die eerste Adam het die gevolge van sy *sondige* ondervinding deur fisiese geboorte deurgegee – swakheid, sonde en die dood. Die tweede Adam het die gevolge van Sy *sondelose* ondervinding deur geestelike geboorte deurgegee – deelname aan die goddelike natuur, oorwinning en die ewige lewe. Al die gevolge van die eerste Adam se mislukking word ten volle teengewerk deur die tweede Adam. Moet asseblief nie die punt

miskyk dat iemand slegs by die nuwe familie kan aansluit deur ‘n geestelike geboorte nie.  Deur geloof in Christus vind ‘n nuwe skepping plaas wat die mens uit die hopelose, vleeslike toestand van die familie van Adam uitlig.  “Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”  2 Korinthiërs 5:17.

Die verandering van families vorm een van die seëninge van die Christelike ondervinding wat die minste verstaan word.  Dit is nie ‘n teoretiese of geheimsinnige transaksie met geen praktiese resultate nie.  Net soos wat die verandering van die natuur dramaties werklik is, so is die voorreg van die nuwe familie ook werklik.   Een  van die moeilikste dinge vir die nuutgebore Christen om te aanvaar, is die totale verandering van posisie, gesag, en eienaarskap onder die nuwe familiesamestelling.  Hulle is nou geregtig op al die rykdom en voordele van die kinders van God.

Ongelooflike beloftes word in hierdie nuwe geestelike verhouding ingesluit.  “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;  en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.”  Romeine 8;16,17.  Dit is maklik om te verstaan waarom die menslike verstand deur hierdie konsep verwar kan word.  Ons neig om te soek na verskuilde voorbehoude en geheimsinnige betekenis in versies soos hierdie. ‘n Mede-erfgenaam is iemand wat gelyke aanspraak het op die hele boedel van die familie.  Ons vra onsself hoe dit moontlik is om skielik erfgename van sulke onbeperkte rykdom te word. Van volslae armoede besit ons nou die heelal!  Die besittings van God sluit sterrestelsels en kosmiese eilande in die ruimte in.  Deur geloof probeer ons om die werklikheid te begryp:  Ek en Jesus deel op gelyke basis in al die geestelike rykdom van die Vader.

Wat Hy ookal ontvang, ontvang ons ook. Paulus beskryf die onbeperkte bronne van die Geesgevulde lewe met hierdie woorde: "Sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God." Efesiërs 3:19. Wie kan sulke taal verstaan? Die groot, liefdevolle God wat ons gemaak het, wil nou hê dat ons alles moet hê wat Sy Seun het, en ook alles wat Hy het!

Saam met die ongelooflike besittings van 'n Koning, erf ons ook die familienaam en die familie-ooreenkoms. Ons begin selfs om soos ons nuwe Vader en Ouer Broer te lyk. "En julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis van die beeld van sy Skepper." Kolossense 3:10. In die begin was Adam in die beeld an God geskape, en was 'n "seun van God" genoem. In Genesis lees ons, "Hy het hom gemaak na die gelykenis van God. ... Toe Adam honderd-en-dertig jaar oud was, het hy 'n *seun* verwek na sy gelykenis." Genesis 5:1-3.

Aartjie na sy vaartjie. Adam het soos God gelyk, maar die ooreenkoms het deur sonde verlore gegaan. Adam se seun het dus nie soos God gelyk nie; hy het soos Adam gelyk. Onder die nuwe geboorte begin die mens egter sy Adam-gelaatstrekke verloor en begin om te lyk soos die Een wat hom geskape het – Jesus. Is hierdie ooreenkoms werklik of 'n fantasie? Skep God slegs 'n illusie om dit te laat lyk asof die mens tot die goddelike beeld herstel word, of besluit Hy dat 'n magtige verandering plaasvind? Daar is 'n teologiese debat oor of God se regverdigheid slegs aan die mens toegereken word en of dit ook werklik deel gemaak word. Diegene wat voel dat regverdigheid slegs aan die mens toegereken word, glo nie dat hy werklik die sonde kan oorwin en 'n heilige lewe kan ly nie, selfs in Christus. Paulus se woorde is egter duidelik, "So sal ook deur die gehoorsaamheid van Één baie tot regverdiges gestel word." Romeine 5:19.

Saam met die familie-ooreenkoms bring hierdie nuwe

geestelike geboorte ook bevryding van die tweede dood, wat onvermydelik was onder die natuur van Adam. Christus het nie die eerste doodstraf vir Adam se mislukking onder die eerste proeftyd verander nie, maar Hy het die tweede dood afgeskaf vir almal wat Hom onder die tweede proeftyd ontvang het. Dit was slegs moontlik gemaak omdat Hy onderneem het om die afgryslike straf van die tweede dood in die plek van die mens te ondergaan. Hy het sonde vir ons geword, en het vrywilliglik die straf deurgaan wat sonde vereis het. Aan die kruis, met geen sweempie van hoop van die Vader af nie, was Jesus omhul in die duisternis van ‘n biljoen verlore siele. Hy het die dood vir elke mens gesmaak. Hebreërs 2:9.

## Abraham Se Vurige Smeltkroes

Was dit maklik vir Jesus om so ‘n ondervinding te hê? Was dit maklik vir die Vader om Hom te onttrek van Sy geliefde Seun en om Hom te behandel asof Hy skuldig was aan die afskuwelikste godslastering en misdaad? Slegs een mens in die wêreld het naby gekom daaraan om die intense lyding van die Vader en die Seun in daardie situasie te verstaan. Daardie man, Abraham, het ook sy enigste seun prysgegee, en het die eerste mens geword wat die foltering van die kruis gedeel het.

Paulus het geskryf dat “En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig.” Galasiërs 3:8. Jesus het ook besef dat Abraham spesiale openbarings van die versoening gehad het. Hy het gesê, “Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.” Johannes 8:56.

Om te verstaan hoe hierdie Ou Testamentiese patriarg sulke profetiese insig in die werk van die Messias gehad het, moet ons

teruggaan na sy ondervinding op die Berg Moria. Omdat hy aanvanklik nie geglo het dat God hom ‘n seun uit Sara se verouderde baarmoeder kon gee nie, was Abraham onderwerp aan ‘n ander toets met betrekking tot lewe uit die dood. God het vir hom gesê om sy enigste seun Isak op ‘n altaar te offer. Die verslag van daardie eensame reis na Berg Moria is een van die hartroerendste verhale in die heilige Skrif.

Abraham het geen twyfel gehad oor die geldigheid van die opdrag nie. Hy was ‘n vriend van God en het geleer om Sy stem te herken. Daar was geen manier vir Abraham om die rede vir hierdie buitengewone opdrag te verstaan nie. Die belofte was herhaaldelik bevestig dat Isak die saad was waardeur die Messias sou kom. Nou was hy gevra om die lewe te neem van daardie kind van sy oudag waardeur die wêreld geseën en verlos sou word. Hoe sou die Verlosser deur Isak kon kom indien hy op die altaar geoffer sou word?

Teen die tyd wat vader en seun by die voet van die berg aangekom het, het Abraham sy geloof onvoorwaardelik geplaas op God se opwekkende krag. Hy het aan sy dienaars gesê, “Ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.” Genesis 22:5. Hierdie keer was daar geen sweempie twyfel oor die klaarblyklike onmoontlikheid van die belofte nie. Geen opstanding uit die dood het nog ooit plaasgevind nie, maar Abraham het geglo dat God Sy belofte aangaande Isak se saak gestand sou doen.

Terwyl Abraham die mes opgelig het oor sy onderdanige seun, het hy te staan gekom voor die ergste toets wat ‘n mens nog ooit ervaar het. Dit sou erg genoeg gewees het om sy seun se lewe te neem, maar met een kap van die mes was hy op die punt om die enigste hoop vir verlossing vir homself en elke persoon wat gebore sou word, te vernietig. Niemand behalwe Jesus sou ooit die lotsbestemming van ‘n wêreld in sy hand hou

soos wat Abraham op daardie oomblik gedoen het nie. Dit was meer as die toets van vaderlike liefde. Deur Isak dood te maak, sou Abraham die wêreld ontneem van ‘n Verlosser. Die mes was ook op sy eie keel. God se onfeilbare woord het hom verseker dat geen Messias sonder Isak gebore sou word nie. Begin u die vurige smeltkroes van Abraham se toets in te sien? Geen wonder dat Jesus daarvan gepraat het dat Abraham Sy dag kon sien nie.

Selfs al was sy hand gestop en God ‘n ander offer voorsien het, het Abraham sy seun daardie dag werklik prysgegee. Hy het al die pyn, hartseer, en afgryse ervaar wat saamgaan met die dood van ‘n enigste kind. Al het Hy die krag gehad om Sy seun se lewe te red, sou Hy dit nie uitoefen nie. God het slegs ingetree toe dit heeltemal duidelik was dat Abraham nie sou huiwer om Isak te offer nie. Dank God vir die geloof van Abraham en vir dieselfde geloof en onderwerping van sy geliefde seun. Niemand kan die impak van daardie hartroerende, menslike verhaal miskyk nie. Dit bring die liefde en opoffering van die versoening binne die begrip van elke kind van Adam. Nou kan ons ‘n bietjie beter verstaan hoe die Vader en Sy eniggebore Seun by die kruis gely het. Die prys van ons verlossing raak meer verstaanbaar.

## Hoe Die Kruis Vergifnis Voorsien

Ons moet nou egter ‘n ander aspek van hierdie hemelse drama in oënskou neem wat God se liefde en opoffering verder sal verlig. Hoe voorsien die dood van een mens, die tweede Adam, vergifnis vir almal wat gesondig het? Die Bybel sê, “Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis (van sonde) plaas nie.” Hebreërs 9:22. Vergifnis beteken kwytskelding. Die vraag is, Hoe maak Christus se dood dit vir Hom moontlik om sonde te vergewe? Dit bring ons by die kern van alles wat ons tot

dusver geleer het. Dit was nodig dat Jesus die tweede dood moes ervaar om sodoende die krag te verkry om te vergewe.

Die kern van alle vergifnis word gevind in ‘n daad van plaasvervanging. Wie ookal ‘n ander persoon vergewe, moet in werklikheid homself stel in die plek van die een wat hy vergewe, en moet gewillig wees om die gevolge te dra van dit wat verkeerd gedoen was. Byvoorbeeld, indien ek iemand se skuld vergewe, moet ek bereid wees om die verlies van die bedrag te ly. Indien ek ‘n klap vergewe, moet ek gewillig wees om die pyn daarvan te ly, sonder om te vereis dat die een wat dit toegedien het, gestraf moet word.

Regverdigheid vereis dat elke oortreder vergeld moet word in dieselfde mate as wat hy opgetree het: ‘n oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand. Die een wat ‘n klap toedien, moet ook op sy beurt ‘n soortgelyke klap ervaar. Vergifnis stel egter die oortreder vry van wat hy wettiglik verdien. Die vergewer aanvaar self die gevolge sodat die skuldige sonder straf vrygespreek kan word. Elke daad van vergifnis vereis dus dat ‘n onskuldige ‘n plaasvervanger moet wees vir ‘n skuldige.

As ‘n verdere voorbeeld, kom ons veronderstel dat ‘n vermoorde man sy moordenaar vanuit die graf kon vergewe. Hy sou, in werklikheid, toestemming gegee het vir sy eie dood sodat die moordenaar nie gestraf moet word nie. Deur die resultaat van die oortreding teen hom te aanvaar, laat hy sy eie dood toe om die straf te wees wat wettiglik op die moordenaar toegepas kon word.

Hierdie illustrasie bring ons baie na aan die kern van die versoening. Ons het hier te doen met die heraanpassing van ‘n geskende verhouding. Dit is wat versoening in werklikheid is. Daar is altyd twee partye betrokke, die veronregte en die oortreder. In hierdie geval is dit God, die veronregte, en die mens, die een wat teen Hom sondig. Regverdigheid vereis ‘n

voldoende boetedoening vir die sonde. Daar is slegs twee moontlikhede: die gereg sal die voorgeskrewe straf uitvoer, of daar moet vergifnis wees deur die verontregte persoon. Indien vergifnis aangebied word, sal die vergewer die gevolge van die sonde moet aanvaar, en dit moet ly in die plek van die skuldige. Die straf vir sonde is die dood. Ten einde dus vergifnis aan die sondaar te skenk, moet Jesus gewillig wees om in Sy eie liggaam dieselfde straf te dra wat die oortrede wet van die sondaar sou vereis.

Die straf vir sonde is nie die eerste dood nie, maar die tweede. Dit is waarom die uitgerekte doodsangs van Jesus op die kruis totaal anders was as enige ander dood. Duisende kriminele was op dieselfde fisiese manier as Christus aan die kruis genael, *maar hulle het slegs die liggaamlike pyn van die eerste dood ervaar.* Hy het die afgryslike verdoemenis en skeiding van God ervaar wat die gemene sondaars in die poel van vuur sal ervaar. Sy sensitiewe natuur was verwond deur ‘n plaasvervangende skuld te deel van gemene verkragtings, moorde, en gruweldade. Hy het sonde geword ten einde toe te laat dat die volle gramskap van die wet op Hom moes neerkom presies soos die verlorenes dit sou moes ondervind.

Ons kan op geen ander wyse die misterieuse sieleangs beskryf wat ons Verlosser in die laaste ure van Sy lewe omring het nie. Van die Tuin van Getsemane af het Jesus die opgehoopte sondes van die mensdom op Sy gebroke hart gedra. Nie een ligstraaltjie was toegelaat om deur die wolk van totale vervreemding van Sy Vader in die hemel te dring nie. Ten einde die plek van skuldige sondaars in te neem en vergifnis te voorsien, kon daar geen verskil wees tussen hulle straf en Sy straf nie.

Laat niemand voorstel dat die Vader nie ook Self saam met Sy Seun gely het nie. Die goddelike verdraagsaamheid van God

om toe te laat dat goddelose mense Sy Seun tot die dood toe martel, is die grootste bewys dat Hy ons liefhet met dieselfde liefde as waarmee Hy Jesus liefhet. Die keuse waarvoor Hy te staan gekom het, was doodeenvoudig. Hy kon Sy Seun red of Hy kon ons red. Daar was geen ander keuse nie. Die wet was verbreek – die wet wat heilig en volmaak was. As 'n weerkaatsing van Sy karakter kon dit nie verander of vernietig word nie. Die straf moes betaal word. Die Vader het diegene wat Sy wet verbreek het, liefgehad, maar Hy het ook Sy Seun liefgehad.

Kyk weer na die toneel om daardie kruis. God het neergekyk op daardie goddelose mense terwyl hulle op Jesus gespoeg het en Hom met hulle vuiste in die gesig geslaan het. Hulle was onwaardig om die soom van Sy kleed aan te raak, maar hulle het Hom doodgemartel. Hy het die krag in Sy hand gehad om daardie kleinlike mans in die niet te laat verdwyn. Hy kon Sy Seun gered het van die wrede beledigings en houe, maar indien Hy tussenbeide getree het, sou nie een mens ooit weer geleef het nie. Adam, Abraham, Josef, Daniël, en elke ander kind van Adam sou vir ewig verlore gewees het. Hulle opstanding was geheel-en-al afhanklik van die dood en opstanding van Sy Geliefde Seun. In Sy alwetendheid moes God elke individuele gesig en naam onthou het, selfs van diegene wat nog nie gebore was nie.

Op daardie oomblik het God aan my en jou gedink. Selfs al het Hy al ons beroerde tekortkominge gesien, wou Hy ons nog steeds vir ewig by Hom hê. Hy het geweet dat die meerderheid nie die aanbod van ewige lewe saam met Hom sou aanvaar nie, selfs al sou dit teen so 'n ontsaglike prys voorsien word. Hy het egter ook geweet dat sommige Hom sou liefhê en met blydskap die plaasvervangende dood van Sy Seun namens hulle sou aanvaar. God het dus weggedraai van Sy Seun, en toegelaat dat Hy tot die dood verbrysel word onder die gewig van sondes wat

Hy nie gepleeg het nie. Selfs die son het sy gesig verberg vir hierdie afgryslike toneel, en die aarde het uit protes gesidder. “Dit is volbring,” het Jesus uitgeroep, en Sy lewe prysgegee. Johannes 19:30.

## Was Die Prys Te Hoog?

Die prys vir verlossing was betaal. Was dit te hoog? Vir miljoene der miljoene was dit ‘n betekenlose belegging, ‘n vermorste opoffering. Hulle sou die hele transaksie minag en dit van die hand wys. Maar wat van u? Nou dat u met meer helderheid besef wat dit gekos het, vind u dat u reageer op die belegging wat Hy in u verlossing gemaak het?

Tot dusver het ons gefokus op die reuse omvang van die versoening – hoe dit voorsien vir elke man, vrou en kind wat nog ooit geleef het. Hierdie beklemtoning moenie die ontsettende persoonlike aspek van wat Hy gedoen het, in die skadu stel nie. Die gehalte van daardie liefde wat Jesus na Sy dood aan die kruis gelei het was sodanig dat Hy dieselfde opoffering vir slegs een persoon sou gemaak het. Ek moet myself elke dag daaraan herinner dat God nie slegs “die wêreld” so liefgehad het nie, maar dat Hy my so liefgehad het, dat Hy Sy Seun gegee het. Die vernuf van die volle plan van verlossing wentel daarom dat Sy dood op individue van toepassing is.

Christus se liefde vir mense word herhaaldelik in die Bybel gedramatiseer. Ons sien dit in Sy persoonlike onderhoude wat baie tyd in beslag geneem het. Sommige van Sy mees betekenisvolle geestelike preke, was aan enkelinge gelewer. Ons sien dit ook in die gevaarlike reis wat Hy oor die see onderneem het om die Gadareense besetene te bevry. Dit het twee volle dae van Sy kosbare tyd in beslag geneem om oor daardie stormagtige waters te gaan en terug te keer. Slegs een man was direk

gedurende daardie onaangename uitstappie gekontak, maar daardie man, het later die hele landstreek na die Verlosser laat draai.

Ons moet sien hoe Jesus teenoor Nikodemus, die melaatse, die ontugtige, en die veragte belastinggaarder optree voordat ons die waarde van ‘n enkele siel kan verstaan. Hy het tyd met mense deurgebring ongeag van hulle posisie of besittings. Die vrou van Samaria was slegs nog ‘n skaamtelose gemeenskaps”karakter” toe Christus die geleentheid gebruik het om in ‘n gesprek met haar betrokke te raak wat haar lewe heeltemal verander het.

Jesus het ongetwyfeld na elke persoon gekyk as ‘n kandidaat vir die ewige lewe. Hoe anders kan ons Sy betrokkenheid met Simon, Saggeus, en Maria Magdalena verduidelik? Hy het in elke siel die wonderlike potensiaal gesien om Sy eie heilige karakter vir tyd en ewigheid te weerkaats. Daarin het Hy die rede gesien vir Sy vleeswording. Elke siel was die een wat Hy gekom het om te bevry. Daardie was die gesigte wat deur Sy gedagtes geflits het toe Hy aan die kruis gehang het, en wat Hom versterk het om die beker van Sy lyding te ledig.

Een van die verbasendste stellings in die Bybel oor die versoening word gevind in Hebreërs 12:2, “Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.”

Hoe kon daardie afgryslike ondervinding aan die kruis enige vreugde daaraan gekoppel hê? Ons word verseker dat een of ander vreugdevolle motief Hom omgord het vir die skande en vernedering van die kruisiging. Wat was “die vreugde wat Hom voorgehou is”? Hier lê die geheim van Sy selfverloëning. Hy was begeester om dit te doen oor die verwagte vreugde om die poorte

van die Paradys wyd oop te maak om ons in Sy nimmereindigende koninkryk in te nooi. Dit was liefde vir ons, en die begeerte om vir ewig saam met ons te wees wat Hom gedring het om die ondraaglike te verdra. Hier is ‘n positiewe versekering dat Hy aan my en u gedink het toe Hy die pynlike wreedhede van die kruis verduur het.

Is een siel so ‘n onbepaalde prys werd? In die lig van die ewigheid gesien, is die antwoord Ja. Dink aan die verbasende feit dat een verloste siel die gesamentlike ouderdom van die aarde se totale bevolking sal oorleef. Uiteindelik, in die ewigheid, sal die lewe van daardie een persoon al die lewenspanne miljoene keer oortref van al die inwoners van hierdie wêreld tesame. Op hierdie wyse beskou, verteenwoordig een geredde persoon meer lewe, meer voltooiing, en groter vervulling as al die verlore mense tesame. Jesus moes daardie waarheid elke keer raakgesien het wanneer Hy in die gesig van ‘n man, vrou of kind gekyk het. In selfs die mees vervalle mens het Hy ‘n lewe gesien wat Sy liefde kon gedenk vir langer as wat tyd bereken kan word.

Met hierdie terugflitse na die werklike prys van Golgota, hoe kan enigiemand Sy sending na planeet aarde ligtelik beskou? U kan daardie persoon wees wat ‘n ewige getuienis kan wees van die liefde en genade van ons Verlosser. Nog nooit was soveel beskikbaar teen so ‘n geringe koste nie. Deur slegs ‘n enkele tree in geloof kan ons die dodelike geboorteregte van die eerste Adam verruil vir die onmeetlike rykdom van die tweede Adam. In ‘n oomblik van oorgawe en aanvaarding kan ons begin om te deel in die lewe wat Hy verdien het, omdat Hy gewillig was om die skuld, veroordeling en dood te dra wat ons verdien het. Wat ‘n uitruil! Dit sal die onuitputlike tema van ons studie tot in ewigheid wees. En soos wat die eeue verbygaan, sal ons aanhou om nuwe, opwindende insigte te kry in die natuur van Sy versoenende liefde en opoffering. “Hoe sal ons ontvlug as ons so ‘n groot saligheid

verontagsaam?” Hebreërs 2:3. So groot? *So ontsaglik!* Daar is geen antwoord op die vraag nie, omdat daar *geen ontvlugting* is nie. Aanvaar nou daardie verlossing wat teen so ‘n hoë prys voorsien is. Moet nie nog ‘n oomblik huiwer nie.